INFORMASIETEGNOLOGIE

INFORMATION TECHNOLOGY

TOETER VS TWITTER



Gereelde Kyknet-kykers weet teen die tyd al van die eerste Afrikaanse sosiale netwerk met die beskrywende naam, toeter.

Volgens toeter se webwerf is dit "Haas Das se nuuskas, Antie Stienie se stoep, Nommer Asseblief se skakelbord en die nuuskierige buurvrou wat dringend fluister oor die muur. Dis die briefie wat ongesiens in die klas aangegee word, die aap wat skreeuend uit die mou gelaat word en die blitsvinnige bostelegram wat niemand kan keer nie."

`n Tekort aan kreatiewe bemarking het toeter sekerlik nie. Volgens Frans Roelofse, die stigter, het dit die potensiaal om een miljoen gebruikers te trek en `n bemarkingswaarde van R450 miljoen. Dis moontlik die rede hoekom Afrikaanse tv-reus Kyknet ook sy gewig by toeter ingegooi het en tans toeter se media-vennoot is.

toeter is `n sosiale netwerk spesiaal vir almal wat Afrikaans praat - alle ouderdomme, rasse, gelowe en politieke oortuigings. Weet net dat daar streng reëls is en jy jou nie daarvolgens gaan gedra nie, jy aangespreek en/of verban gaan word.

In beginsel werk toeter dieselfde as Twitter, net in Afrikaans. Dit het dieselfde funksionaliteit met `n tydlyn en gebruik ook die @-teken om ander gebruikers aan te spreek. Die alombekende hutsmerk (#) word ook deur toeter gebruik. Gebruikers mag dalk net `n tydjie neem om gewoond te raak aan hierdie meer kreatiewe, Afrikaanse terme in teenstelling met die van Twitter.

Op die oog af lyk dit na `n effektiewe sosiale platform met al die nodige funksionaliteit. Ongelukkig, as gevolg van eksklusiwiteit as Afrikaanse sosiale netwerk is dit ook beperkend en gaan jy nie soveel waarde daaruit kan put as uit die gevestigde Twitter nie.

Maar probeer dit gerus by www.toeter.com en laat weet ons wat jy dink. Dis ook reeds beskikbaar op die iPhone-, Blackberry- en Android-platforms.

Posted in:Kommunikasie | Tagged:Toeter,Twitter | With 0 comments